*Saterdag* **4 Oktober**

**Skrifgedeelte: Genesis 3:14-19**

**Fokusgedeelte: Genesis 3:17-19 (AFR83)**

**Deur God se genade is ons werk nie ’n droewige verpligting nie, maar ’n dankbare vreugde**

Die sondeval het ’n uitwerking op ons daaglikse werk gehad. Dit sien ons in die fokusgedeelte as die Here sê dat die aarde vervloek is en dat die mens met swaarkry daaruit ’n bestaan gaan maak en net deur harde werk sal kan eet tot hy weer stof word.

God straf die mens egter nie met werk nie. Die straf is nou dat die mens getref word in sy menswees. Sy werk word vir hom ’n las en moeite. Tot sy sterwe sal dit gekenmerk word deur harde werk en moeite. As gevolg van die sonde word dit ’n droewige verpligting.

Maar die wonder is dat God die goeie Gewer dinge nie so gelaat het nie. Deur die genadeverbond met sy volk het Hy sy Seun Jesus Christus gestuur om ons van die vloek van die sonde te kom verlos. Jesus Christus het ons aan die kruis weer met God versoen. Deur sy Heilige Gees herskep Hy ons weer na die beeld van God sodat ons kan voldoen aan God se oorspronklike doel met die mens.

Waar die sonde vroeër ons daaglikse werk moeite en verpligting gemaak het, word ons daaglikse werk nou deur ons geloof in Jesus Christus vir ons ’n dankbare vreugde. Uit dankbaarheid vir sy groot genade is ons nou aan Hom gehoorsaam en doen ons alles, ook ons daaglikse werk, net vir Hom. Soos Paulus vir die slawe sê in Kolossense 3:23, 24: *“Wat julle ook al doen, doen dit van harte soos vir die Here ... want Christus is die Here in wie se diens julle staan.”*

Hoe ervaar jy die daaglikse werk waartoe God jou geroep het? As dit vir jou ’n las of ’n droewige verpligting bly, dan moet jy juis gaan kyk met watter gesindheid jy jou werk doen. Is Jesus Christus die motief waarom jy jou werk doen en waarom jy daardie spesifieke werk doen? Gaan kyk met nuwe oë na die werk wat God as roeping op jou gelê het, en gaan doen jou werksaamhede van elke dag met nuwe ywer en met volle oorgawe uit dankbaarheid vir die Here.

*Sing: Skrifberyming 14-2*

*Ds. MAF (Andries) Kruger (Alberton)*